basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2010

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- OF FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel:
  – 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  – 1 punt vir die rede motivering/aanhaling.
  - ➢ As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - ➢ As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Gee penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Vervalsing√ en roofkopiëring√ | 2 | 2 | 1.1 |
| 1.2 | Ja, want dit beloop miljarde dollars per jaar/<br>5 – 7% van die wêreldhandel OF Ja, die teks verwys na verskeie ander lande soos ... waar vervalsings en roofkopiering 'n probleem is✓✓.<br>Nee, want dit beslaan nie eers 10% van die wêreldhandel nie. ✓✓ | 2 | 2 | 1.3 |
| 1.3 | Dit word ingevoer√ (uit die Verre-Ooste) of plaaslik vervaardig. √ Plaaslik / hier = Suid-Afrika ✓ | 2 | 2 | 1.3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.4 | **Belanghebber wat deur vervalsing benadeel word** — **Een sin/sinsdeel om aan te dui hoe benadeling plaasvind**<br>Eienaars van kwaliteit handelsmerke — Word as duur beskou / verloor ondersteuning√ Oorspronklike produkte kan nie met vervalsings meeding nie / werksverlies (<br>Handelaars in egte goedere — Word as duur beskou/verloor ondersteuning. / Oorspronklike produkte kan nie met vervalsings meeding nie. / werksverlies✓<br>Die Staat — Inkomsteverlies deur belastingontduiking. Dit lei tot kosteverlies / werksverlies / Invoerbelasting word nie betaal nie / Die staat ly 'n verlies aan inkomste.✓ | 3 | 2 | 1.4 |
| 1.5 | Vervalsers bied swakker/goedkoper kwaliteit . / Vervalsers het geen regulering / geen reklamekoste nie. / Hulle betaal nie (invoer)belasting nie. 'n Groter omset maak pryse laer. (enige 2√√) (Indien net "kostes", = net een punt werd.) (Hulle betaal nie reklame en ander koste nie = een punt). | 2 | 2 | 2.1 |
| 1.6 | Daar is geen kwaliteitsbeheer deur regulering nie. / Dit kan lei tot gesondheids- of velprobleme. / Swakker of gevaarlike materiaal word gebruik. (enige een)√ | 1 | 2 | 1.6 |
| 1.7.1 | Hulle het nie gewen deur effens minder te betaal nie. Hulle word benadeel deur die swak kwaliteit. / Hulle kry nie waarde vir hulle geld nie. / Nagemaakte produkte hou nie lank nie./ Hulle koop nie regtig winskope nie. / Hulle het hulle geld gemors. ✓ | 1 | 2 | 2.4 |
| 1.7.2 | Hulle het produkte van 'n swak gehalte gekry. / Die produkte is van gevaarlike gehalte. (Antwoorde op twee vrae moet onafhanklik bepunt word.) | 1 | 2 | 2.4 |
| 1.8 | Deur wetgewing. Net "Wette" / Goeie wetgewing / Patentereg / Om die handelsnaam by Cipro te registreer. / Om regshulp te kry.(Kandidate moet 'n bondige antwoord verskaf en nie die hele paragraaf net so oorskryf nie.) | 1 | 2 | 2.1 |
| 1.9 | Lesers van Finweek wat in IE belangstel / eienaars of handelaars met IE / mense wat belangstel in die gevolge van vervalsing / Mense wat handelsmerke dra. / Verkopers / verbruikers van handelsmerke. / Verbruiker van vals produkte. (enige een) | 1 | 2 | 1.4 |
| 1.10 | 'n Finansiële/ekonomiese tydskrif. Saketydskrif / besigheidstydskrif / tydskrif wat oor geld handel. √. | 1 | 2 | 1.3 |
| 1.11 | Vervalsing skep ook werksgeleenthede. / Dit hef diskriminasie op, want die grysprodukte is goedkoper en armer mense kan nou dieselfde artikels as die rykes dra/besit. / Vervalsing is "bemarking" vir die egte produk, want dit stel dit bekend. / Dit bring kompetisie en veroorsaak dat die egte produkte nie mense uitbuit nie. Diskriminasie verval omdat armer mense ook nou sogenaamde rykmansklere kan dra / portuurdruk / eie identiteit / werkskepping / bekostigbaar (enige TWEE verskillende en ander aanvaarbare argumente)✓✓ | 2 | 2 | 1.1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.12 | Die advertensie verskyn in Julie. Net Julie / net "wintermaand" Mense lees meer in die winter as hulle **binnenshuis** is. Die model lees binnenshuis / net "binnenshuis" ✓/ Sy dra fluweelklere. ✓/ Sy sit tussen kussings wat haar warm en snoesig hou✓/ Die bank waarop sy sit, hou die model snoesig / warm / knus. ✓ (Die model se kleredrag moet **iets van die winter bevestig**, byvoorbeeld: "Die model dra warm klere / klere wat van dik / warm materiaal gemaak is / lang rok.)✓ | 2 | 2 | 1.7 |
| 1.13 | Jy moet alleen wees, √ jy moet gemaklik wees, √ jy moet verdiep in jou storie(boek) wees.√ | 3 | 2 | 1.7 |
| 1.14 | Dit ondersteun die gedagte aan ŉ verbeeldingsvlug √ en stel dit grafies voor√. Die verbeeldingsvlug skep die idee dat dit uit die model se kop vloei, want dit is haar gedagtes. √ Dit is wit, want dit is lig / positief / vervlietend. Die skriftipe is anders as die res om dit te beklemtoon. / Die ander lettertipe trek aandag. / Dis op 'n duidelike plek geplaas, want dit vang dadelik die oog sodra jy die bladsy omblaai.√ (enige twee geldige motiverings.) | 2 | 2 | 4.2 |
| 1.15 | Die model moet afkyk. / Sy lees nie regtig nie. / Sy hou net die boek op haar skoot vas. / Die Aero moet nie heel wees nie. / Sy moet die sjokolade eet. / Sy kan nie ŉ verbeeldingsvlug ervaar nie, want sy het nog nie ŉ happie geneem nie. / Die model se oë moet toe wees. / Die model dra nie regtig wintersklere nie. / Meer fokus op die sjokolade sou die produk beter laat uitstaan het. / Die geadverteerde produk moet prominenter vertoon. / Die model se gesigsuitdrukking dui nie op 'n staat van verbeelding / droomvlug nie. / (Indien die drukkwaliteit van die teks swak was, aanvaar sinvolle antwoord soos byvoorbeeld: "Ek sou die agtergrond duideliker afgedruk het / gemaak het). | 2 | 2 | 1.1 |
| 1.16 | "net" / verleidelik**e**√ | 1 | 2 | 1.3 |
| 1.17 | Indien een sintuig **wat in die teks voorkom, genoem** word = (smaak, gevoel of sig) ✓ (nie hoor of ruik nie) | 1 | 2 | 2.2 |
| | | **[30]** | | |

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2** LU2 AS2.1.5

**Nasien van die opsomming:**

- Kandidate moet die opsomming in die **vereiste formaat** aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders **verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.**
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk / beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - o 7 punte vir 7 feite
  - o 3 punte vir taal
- Enige van die gelyste hoofgedagtes verdien punte, ongeag die volgorde waarin die kandidaat dit aangebied het.
- Vir direkte aanhalings uit die teks word soos volge gepenaliseer:

1-3 volledige sinne: geen penalisering
4-5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
6-7 volledige sinne: trek 2 punte af

- Indien kandidate meer as die vereiste getal feite aanbied, word slegs die eerste sewe feite word geassesseer.Die res van die feite word geïgnoreer.
- Kandidate mag nie twee feite in een sin noem nie. Slegs die eerste feit verdien punte.
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken:
    - Vir 1 punt moet 1 – 3 feite korrek wees
    - Vir 2 punte moet 4 – 5 feite korrek wees
    - Vir 3 punte moet 6 – 7 feite korrek wees
    - Penaliseer soos volg:
        - ❖ Indien die opsomming te lank is, word slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
        - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
        - ❖ Trek 1 punt af van die totaal behaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien 'n afkorting in die opsomming voorkom, word elke letter van die afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

## Wenke hoe om veiliger gedurende die vakansie te wees

1. Reël dat jou **posbus** leeggemaak word.
2. Staak jou **koerantaflewering** voordat jy vertrek.
3. Moenie **ligte** (aanhoudend) laat brand nie / Reël met bure om ligte aan en af te skakel. (Enige EEN van hierdie feite, maar nie as afsonderlike punte nie.)
4. Verwittig jou plaaslike **polisiekantoor** dat jy uitstedig is. / Laat 'n kontaknommer. (Enige EEN van hierdie feite, maar nie as afsonderlike punte nie.)
5. Verseker dat jou huis en hekke **gesluit** is.
6. Gehoorsaam verkeersreëls wanneer jy **bestuur** / Rus gereeld wanneer jy **bestuur** / Vermy alkoholgebruik wanneer jy **bestuur**. (Enige EEN van hierdie feite, maar nie as afsonderlike punte nie.)
7. Moenie waardevolle **artikels in jou motor los** nie. / Moenie jou motor se vensters ooplaat (wanneer jy uitklim) nie.
8. Parkeer op **veilige** plekke.
9. Vermy **afgesonderde** gebiede. / Moenie **alleen** rondloop nie. / Bly in gebiede waar baie mense is.
10. Die oplaai van rylopers kan gevaarlik wees.

(Enige sewe wenke in 90 woorde of minder)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - o Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plekke te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, **mag** ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | doodernstig√ | 1 | 4 | 1.6 |
| 3.2 | Britte / Engelse√ (Nie Brit, Engelsman) nie. | 1 | 4 | 1.9 |
| 3.3 | Jy het natuurlik besef dat ons al ons spaargeld sou moes gebruik (het). Jy besef natuurlik dat ons al ons al ons spaargeld sou moes gebruik (het). (Indien in 'n vraagsin geformuleer, geen punt.)√ | 1 | 4 | 2.4 |
| 3.4 | rugprobleempies√ | 1 | 4 | 1.5 |
| 3.5 | hulp / hulpelos**e** / hulpeloosheid √ | 1 | 4 | 1.4 |
| 3.6 | Jy sal nie alles self moet doen nie. / Jy sal niks self moet doen nie. / Jy sal nie alles self hoef te doen nie / Jy sal niks self hoef te doen nie / Jy sal nie iets self hoef te doen nie / Jy sal niks self hoef te doen nie. ("**sal**") moet deel van die antwoord bly)√ | 1 | 4 | 2.10 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.7 | Frans / Engels / Nederlands (Hollands)√ | 1 | 4 | 1.7 |
| 3.8 | Hoe lank sal dit neem om **net** die garage op te pak?/Sal **net** die garage ure neem om op te pak?/ Wat sal **net** ure neem om op te pak? Sal dit ure neem om **net** die garage op te pak? / Om **net** die garage op te pak sal ure neem, nie waar nie?✓ | 1 | 4 | 2.7 |
| 3.9 | Ons het, **soos jy weet / nes jy vermoed / al erken ons dit nie / behalwe as ek verkeerd is (ens.)**, nie geld vir ŉ verwer nie. Ons het nie geld vir 'n verwer nie, **daarom**, **omdat**, **aangesien**, **alhoewel**, **hoewel**, **daarom** , **dus** ... (NB. "het" moet deur middel van 'n bywoordelike bysin uitgebrei word.)✓ | 1 | 4 | 2.6 |
| 3.10 | Daar sal ook (self) geverf moet word. Daar sal self geverf moet word / Ook sal daar geverf moet word / Daar sal ook deur jou (self) geverf moet word.√ | 1 | 4 | 2.8 |
| 3.11.1 | Ek emigreer na Amerika om daar te gaan woon. (Betekenis: verlaat eie land **permanent**) (Indien spelfout, ignoreer solank die begrip net duidelik verklaar word.) √ (Die woord "emigreer" moet in die kandidaat se antwoord voorkom.) | 1 | 4 | 1.8 |
| 3.11.2 | Talle Amerikaners immigreer na ons land om hulle hier te kom vestig. (Betekenis: **permanente** inkom / intrek) in 'n vreemde land. Indien spelfout, ignoreer solank die begrip net duidelik verklaar word.√ (Die woord "immigreer" moet in die kandidaat se antwoord voorkom.) | 1 | 4 | 1.8 |
| 3.12 | duisend ✓(Indien die getal 1000 gebruik, geen punt.) | 1 | 4 | 2.13 |
| 3.13 | prakseer / beraam / bedink√ (Nie ontwerp / optrek / teken nie: dit pas nie in die konteks nie.) | 1 | 4 | 2.1 |
| 3.14 | weer (Alle kandidate moet, ongeag hulle antwoorde, hier 'n punt verdien.) | 1 | 4 | 1.4 |
| 3.15 | Ben sê dat hulle moet bly, want implisiet sien hy nie kans vir al die werk wat hy sal moet doen nie, want hy gebruik rugby as verskoning. / Ben / hy is lui. Hy wil nie al die werk doen nie / Hy is nie lus vir werk nie. Hy wil nie al die werk alleen doen nie.✓ | 1 | 4 | 3.1 |
| 3.16 | Mans braai vleis en drink bier. Daar word van mans verwag om al die werk te doen. / Mans doen al die werk. Mans moet alles doen. / Mans sal nie hulle rugby opoffer nie. / Mans hou van braai / bier. / Mans hou van rugby / sport. ✓ | 1 | 4 | 3.3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.17 | Ons het ʼn goeie rugbyspan.✓ (Volstaan met "goeie", want dit pas as neutraliseerder die beste in verhouding met die trappe "beter" en "beste". | 1 | 4 | 3.3 |
| 3.18 | noudat√ | 1 | 4 | 1.1 |
| 3.19 | kontaminasie / woordvorming / morfologie / afleiding / samestelling / samestellende afleiding√ | 1 | 4 | 1.7 |
| 3.20 | B / paronieme√ | 1 | 4 | 1.9 |
| 3.21 | KwaZulu-Natal√ | 1 | 4 | 1.2 |
| 3.22 | om te siene te kry (Alle kandidate moet hier 'n punt kry, ongeag hulle response.)√ | 1 | 4 | 2.4 |
| 3.23 | skaarser√ | 1 | 4 | 1.6 |
| 3.24 | dié vasbyters onder die vasbyters (Alle kandidate moet hier 'n punt kry, ongeag hulle response.) | 1 | 4 | 2.12 |
| 3.25 | hierdie / die | 1 | 4 | 2.1 |
| 3.26 | Hierdie woude krimp en rek **oor die millennia**. √ | 1 | 4 | 2.6 |
| 3.27 | Hy sê sy vrou is nie so ʼn ywerige voëlkyker soos hy nie. / Morné sê dat sy vrou nie so ʼn ywerige voëlkyker soos hy is nie. Morne sê (dat) mense wat nie so gelukkig of so geduldig is om groenhoutkappers te sien nie sien meestal ...√ | 1 | 4 | 2.9 |
| 3.28 | sluipende√ | 1 | 4 | 2.1 |
| 3.29 | Grieks√ | 1 | 4 | 2.1 |
| | | **[30]** | | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**